

Maandag 21 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:7

Wedergeboorte – lewend gemaak tot 'n lewe van liefde

Die geboorte van 'n baba veroorsaak groot blydschap in 'n gesin en familie. Pa en Ma kyk aandagtig na hulle kindjie om te sien wat hulle van hulleself in die kindjie se gelaatstrekke kan herken. En hoe groter die kindjie word, hoe meer kan die gesin waaruit die kind kom, herken word. Ouers is dankbaar teenoor die Here wanneer die opvoeding wat hulle hom gegee het, sigbaar is in sy lewe tussen ander mense.

Wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte aan 'n uitverkorene skenk, is daar groot blydschap in die hemel oor nog 'n sondaar wat bekeer is en in Jesus Christus en sy Vader glo. Nog 'n mens is uit die dood van die sonde lewend gemaak.

Waarvoor het die Heilige Gees dié mens lewend gemaak? Hy is lewend gemaak om lief te hê. Omdat die gelowige uit God gebore is, is liefhê die noodwendige gevolg van die nuwe lewe wat die Heilige Gees geskenk het. Iemand wat uit God gebore is, vertoon dié karaktertrek van God, want God is liefde en die Heilige Gees het hierdie nuwe eienskap van liefde in die wedergebore mens gestort.

Dit is nie die natuurlike liefde van alle mense – selfliefde – nie. Dit is ook nie die sogenaamde liefde van die wêreld – liefde omdat jy my liefhet nie. Dit is die selfopofferende liefde waarin die heel beste vir die ander een gesoek word. Dit is die liefde wat God geopenbaar het toe Hy sy Seun na die wêreld gestuur het sodat die uitverkorenes deur Hom kan lewe.

Die wedergebore mens is lewend gemaak om sy naaste so lief te hê dat hy verlang dat hierdie mens tot geloof in Christus sal kom, sodat hy ook kan lewe om lief te hê soos God liefhet.

Sing: Skrifberyming 9-4:4, 5

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)